Graad 11

Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre is opgewonde om die 8 eenhede van die Graad 11 KABV (CAPS) aan te bied soos volg:

Idees van Ras in die laat 19de en 20ste eeu – Wat was die gevolge toe die pseudo-wetenskaplike idees van Ras 'n integrale deel van regeringsbeleid en wetgewing gevorm het in die 19de en 20ste eeu?

Gevalle studie: **Australië** en die Australiese inboorlinge; **Nazi-Duitsland** en die **Holocaust (brandoffering).**

Eenheid 3

Eugenetika
- Die pseudo-wetenskap van eugenika



In die voorige eenheid het ons na die geskiedenis van Sosiale Darwinisme en Ras Teorieë gekyk.

Die gevolge van die pseudo-wetenskaplike regverdiging van bevooroordeeldheid en rassisme wat gelei het tot die individuele en institusionele rassisme is bespreek. Daar was genoem hoe mense in die verlede vasgeglo het dat hierdie teorieë wetenskaplik bewys was. Teenbewyse het egter later al hierdie teorieë as vals ontbloot.

Slawerny, kolonialisme, kulturele dominasie, onderdrukking en talle ander gruwelpraktyke en wandade is veral deur Sosiale Darwinisme regdeur die 19de eeu onderskryf en regverdig.

In hierdie eenheid word die gebeure in die vroeë 20ste eeu behandel.

GEVOLGE OOR DIE "WETENSKAPLIKE" REGVERDIGING VAN BEVOOROORDEELDHEID EN RASSISME



Beleid wat aanbeveel en toegepas was om mense met minderwaardige karaktereienskappe uit gemeen-skappe te verwyder, deur gedwonge sterilisasie.

Die Eugenetika-beweging is in die vroeë 20ste eeu gestig. Hulle teorie was gebaseer op 'n pseudo-wetenskaplike idee, saamgestel deur wetenskaplikes wat geglo het in programme en beleide wat hulle aanbeveel en ondersteun het.

Hulle het beweer dat hierdie beweging die sameleweing sou verbeter deur ontslae te raak van 'minderwaardige' sosiale karakters en 'immorele' gedrag.

Hoe sou hulle dit doen? Enige persoon wat nie aan hul sogenaamde ideale vereistes voldoen het nie, sou gedwonge sterilisasie ondergaan. Die operasie sou mense se voortplantingsorgane verwyder. Volwasse mans, vrouens, sowel as kinders van beide geslagte was gesteriliseer. Alle persone wat as 'ongeskik' bestempel was het die operasie ondergaan.

Die woorde: geskik/ongeskik, word hier gebruik in die konteks van volgelinge van Darwin en Sosiale Darwiniste. Volgens hulle teorie word hier verwys na persone wat as die ''sterkste'' beskou was as ''geskik''. Hulle sou die beste kans staan om te oorleef en voort te plant.

Ander wat nie voldoen het aan die voorgestelde vereistes nie (ongeskik) het gedwonge sterilisasie ondergaan.

Die woord eugenetika (van Griekse oorsprong: eugenes) beteken "goed gebore" of "welgeskape"

Sir Francis Galton (1882 -1911)

- **Het die beginsels van Sosiale Darwinisme toegepas,**
- **Het geglo dat die biologiese gesondheid van die menslike ras verbeter kon word.**
- **Hy het die woord, Eugenetika, begin gebruik in sy geskrifte waarin hy verklaar het dat**
- **Die mensdom sy eie ontwikkeling proses kon beheer deur**

selektiewe voortplanting.

Waar begin dit alles?

Die woord eugenetika kom van die Grieke eugenes, wat "goed gebore" of "welgeskape" beteken. Die oorsprong van die woord is duidelik, positief.

Die eerste persoon wat die term in die konteks van Eugenetika beweging was Sir Francis Galton (1882-1911). Hy het in 'n tyd geleef waar Sosiale Darwaniste grond- en gewildheid wen. Hou hierdie konteks in gedagte.

Galton het laat glo dat die beginsels van Sosiale Darwanisme tot die biologiese gesondheid van mense kan verbeter, as ons as mens, in beheer van ons eie ewolusie is.

Ons kan dit doen, deur selektiewe voortplanting.

Selektiewe voortplanting is deur boere toegepas sedert diere vir huishoudelike doeleindes gebruik is.
Voorbeelde van selektiewe voortplanting:

Koeie wat meer melk kan produseer

Hoenders wat meer eiers kan produseer

Skape wat meer wol kan produseer

Let asseblief op dat die praktyk van kieskeurige aanteling nie iets nuuts is nie.

Boere het al vir duisende jare selektiewe voortplanting beoefen. Hulle het besef dat wanneer ‘n ooi met baie wol met ‘n ram met baie wol geteel word, die lammers meer wol as hul ouers sal produseer! Meer wol sou meer geld vir die boere in die sak bring.

Dieselfde patroon is opgelet in alle plaasdiere en die praktyk is gevolg om beter, meer gesonde en duurder weergawes te produseer.

Dit was gebaseer op feitlike wetenskap – bekend as landbouwetenskap – en nie pseudo-wetenskap nie.

EUGENETIKA

- **“Wetenskap’’ van verbetering van die samelewing deur selektiewe voortplanting.**
- **Verwydering van die sogenaamde minderwaardiges uit die samelewing.**
- **Hoe sou dit gedoen word?**

Die geloof in die pseudo-wetenskaplike teorie van eugenetika het gelei tot die toepassing van hierdie landboupraktyke op mense in gemeen-skappe regoor die wêreld.

Die beweging het beweer dat wetenskaplike beginsels gebruik kon word om die menslike natuur te verbeter, deur te kies wie met wie voortplant om afstam-melinge in die wêreld te bring.

Deur net die sogenaamde geskikte mense toe te laat om kinders te hê, sou die menseras uiteindelik ontslae raak van die sogenaamde minderwaardige individu.

Hoe sou hulle te werk gaan om hierdie doel te bereik?

EUGENETIKA

VOORTPLANTING

↓

GESONDE

↓

AFSTAMMELING

↓

GENETIESE AFKOMS

↓

VERBASTER

Let op watter woorde gebruik word. Soos voorheen genoem is, hierdie idees het hulle oorsprong in landboupraktyke gehad.

Die afleiding wat gemaak is: dat gesonde mense met ander gesonde mense moes ‘teel’ sodat die afstammelinge van goeie genetiese afkoms sou wees. Die woorde ‘’teel’’ en ‘’afkoms‘’ is terme wat aangewend word in die voortplanting van diere. Die volgende stap was om ontslae te raak van mense van ‘’swak, minderwaardige afkoms’’. Hierdie mense sou ‘’ verbasterde‘’ afstammelinge in die wêreld bring. Deur met ‘’verbeterde‘’ afstammeling te ‘’teel‘’ was daar verkeerdelik geglo dat daar ontslae geraak kon word van alle sosio-ekonomiese probleme.

“POSITIEWE” EUGENETIKA

MOEDIG DIE VOORTPLANTING VAN “BESTE VAN DIE BESTE”

Fokus op voortuitgang en mag

“NEGATIEWE” EUGENETIKA

ONTMOEDIG VOORTPLANTING VAN DIE “SWAKKES”

Vermorsing van geld en hulpbronne

Die Eugenetici het die afparing van ‘’beste van die beste‘’ aangemoedig: dit was bekend as positiewe Eugenetika. Die voortplanting van ‘’die swakkere’’ was beskryf as negatiewe Eugenetika.

Hulle het beweer dat wanneer net die ‘’beste ‘’ voortplant, dat die mensdom kan konsentreer op vooruitgang, mag en die opbou van sterk gemeenskappe. Deur die ‘’aanteling‘’ van die ‘’swakker‘’ element te ontmoedig sou die regerings, volgens hulle, nie geld en hulp-bronne hoef te mors op die ‘’onproduktiewe‘’ nie.

Jy is absoluut reg as jy dink dat hierdie beleid baie ongevoelig en wreed was.Dit ís wreed! Die beweging se beleid was wreedaardig en onmenslik

Die eugenetika beweging ontstaan in die vroeë 1900 en word ‘n wêreld beweging

Dit het homself as openbare goedere gesien:

Dit was optimisties dat “wetenskaplike” veranderinge in die voortplanting van mensdom kompleksiteit sou oplos in moderne samelewing.

Volgens die wetenskaplike teorieë – wat ons nou besef vals was - van die vroeë 20ste eeu, was Eugenetika die pad vorentoe. In hierdie konteks was geglo dat hulle werk die samelewing sou bevoordeel.

Wat was die konteks eintlik? Gedurende hierdie tydperk was daar ‘n algehele omwenteling in die samelewing. Die Industriële Rewolusie het plaasgevind in Europa en Noord-Amerika, en baie plaaswerkers en plattelandse inwoners het na stede verhuis, waar hulle werk in fabrieke sou soek. Die stede het oorbevolk geraak, aangesien stadsbeplanning nie voorsiening gemaak het vir so baie mense nie. Mense het siek geraak, misdaad het gestyg en lewensstandaarde het gedaal. Werkloos-heid was ‘n groot probleem. Dwelmverslaafdheid, alkoholisme en prostitusie was alledaagse verskyn-sels.

Alhoewel ons sover hoofsaaklik oor Europa gepraat het, het hierdie beweging wêreldwyd versprei. Die voorstanders het geglo dat hulle hierdie vals teorieë gebruik om die wêereld te verbeter.

Eugenetici was optimisties dat die ‘’wetenskaplike’’ veranderinge wat hulle voorgestel het baie van die ingewikkelde sosio-ekonomiese problem sou oplos.

Eugenitici bevorder

beter publieke gesondheid,

gesinsbeplanning,

Meer deurdagte voorbereiding vir die huwelik en onderrig oor voortplanting.

GEVORSEERDE STERILISASIE OP DIĒ WAT AS ”ONGESKIK” VERKLAAR WAS

Wat was die wetenskaplike veranderinge wat hulle voorgestel en bevorder het? Eerstens het hulle beter publieke gesondheid aangemoedig. Vandag het ons ‘n wye gesondheidsstelsel in Suid-Afrika. Dit is gestig en ontwerp om die gemeenskap se gesondheid te verbeter. Hulle het ook familie-beplanning ingestel.

In hedendaagse Suid-Afrika help die regering met die beplanning deur gratis voorbehoedmiddels te verskaf, sowel as programme, informasie en veldtogte vir bekendstelling en voorligting. Dit help ons om te beplan hoeveel kinders ons wil hê en wanneer, om só te verseker dat elke kind voldoende hulpbronne ontvang. Verbeterde publieke gesondheid en familie-beplanning is fantasties!

Gedwonge sterilisasie van diegene wat hulle as “ongeskik ‘’ beskou is egter betreurenswaardig. Deur gedwonge sterilisasie is waar die Eugenetici beweging problematies geraak het.

Lande oor die wêreld wat Eugenetika praktiseer

Argentinië
Australië
Oostenryk
Brasilië
Kanada
Sjina
Finland
Frankryk
Duitsland
Groot Brittanje
Italië
Japan
Korea
Mexico
Nieu-seeland
Norweë
Rusland
Suid-Afrika
Spanje
Swede
V.S.A.

Soos ons vroeër genoem het, hierdie beweging was internasionaal. Lande wêreldwyd het die beginsels toegepas. In die volgende eenheid sal die fokus geplaas word op ‘n gevalle-studie van hoe hulle Eugenetika in Australië gebruik het. In modules 5 – 8 sal die gevalle-studie van Nazi-Duitsland en hoe hulle Eugenetika gebruik het, gedek word.

Universiteite in die voorafgaande lande het departemente gehad waar hooggeleerde mense Eugenetika bestudeer en in lesings aangebied het.

Meeste van hierdie lande het gedwonge sterilisasie wettiglik toegepas. Baie van hierdie wette is eers in die laat 1970’s van die wetboeke verwyder.

In die volgende eenheid sal ons kyk na gevalle-studie: Australië.

VRAE

1. Watter beproefde wetenskap het die eugenetici gebruik om hul teorieë te bevorder?
2. Beskryf kortliks hoe die pseudo-wetenskaplikes beplan het om deur Eugenetika die sosio-ekonomiese probleme van die samelewing op te los.
3. Vergelyk en kontrasteer Sosiale Darwinistiese beginsels met die beginsels van Eugenetika.
4. Dink jy dat die beginsels van die Eugenetika beweging deurgedring het tot die 21ste eeu? Verskaf redes vir jou antwoord.
5. Kies een van die lande uit die bygaande lys (Australië en Duitsland uitgesluit) en deur navorsing verskaf:

a) 'n voorbeeld van 'n ''positiewe'' eugenetiese program wat bestaan het in die vroeë 20ste eeu (verskaf 'n verwysing vir jou bron van inligting)

b) 'n voorbeeld van 'n ''negatiewe'' eugenetiese program wat bestaan het in die vroeë 21ste eeu (verskaf 'n verwysing vir jou bron van informasie)

ADDISIONELE HULPBRONNE

Cape Town Holocaust & Genocide Centre: http://ctholocaust.co.za/

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:

https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ

Eugenics Archives: https://eugenicsarchive.ca/

The Eugenics Movement: Good Intentions Lead to Horrific Consequences: https://www.encyclopedia.com/science/encyclopedias-almanacs-transcripts-and-maps/eugenics-movement-good-intentions-lead-horrific-consequences

White Supremacy, Eugenics and the History of Selective Breeding: https://youtu.be/7n180eG92gc

Eugenics is trending. That's a problem: https://www.washingtonpost.com/outlook/2020/02/17/eugenics-is-trending-thats-problem/